- (1) Kwa-3 and 7 Lumsden Crescent, **Ingxenye 3 Yesiza 619 eThekwini kanye neNsalela yeNgxenye 4 yeSiza 619 eThekwini**, Ukubhalisa FU, kuMasipala waseThekwini
- (2) T56293/2001 kanye no T56294/2001, (b).1. kanye no (b).2.; kanye no C).1. kanye no C).2., 2008/518 kanye 2008/519
- (3) Ukususwa kwemibandela wetayitela evimbela ukuklanywa komhlaba, evimbela ukusetshenziswa komhlaba ongenela kwenye indlu yokuhlala kanye nevimbela ukusetshenziswa komhlaba ukuze kuqhutshwe ibhizinisi.
- (4) Nkk A. Murgatroyd
- (5) Private Bag X 54310 Durban 4000, Tel: (031) 204 1919, Fax: (031) 204 1980, Audrey.murgatroyd@kznlqta.gov.za
- (1) Kwa-17-25 Linda Crescent, **Insalela Yesiza 2426 e-Queensburgh**, Ukubhalisa FT, kuMasipala waseThekwini
- (2) T 18486/2000, B.2. 2008/570
- (3) Ukususwa kombandela ovimbela ukusetshenziswa komhlaba ongenela kwenye indlu yokuhlala.
- (4) Mnu. G. Mathentamo
- (5) Private Bag X 54310 Durban 4000, Tel: (031) 204 1919, Fax: (031) 204 1980, godfrey.mathentamo@kznlqta.gov.za
- (1) Kwa-473 Edward Street, **Isiza 473 e-Hibberdene**, uPhiko Lokubhalisa ET, kuMasipala wase-Hibiscus Coast
- (2) T 05 33973, B.(c), 2008/606
- (3) Ukususwa kombandela ovimbela ukusetshenziswa kwezinye izinhloso izinto zokwakha uma kwakhiwa izakhiwo.
- (4) Mnu. G. Mathentamo
- (5) Private Bag X 54310 Durban 4000, Tel: (031) 204 1740, Fax: (031) 204 1980, godfrey.mathentamo@kznlqta.gov.za

No. 144

3 Julie 2008

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE REGERING EN TRADISIONELE AANGELEENTHEDE

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967: OPHEFFING VAN VOORWAARDES VAN TITEL

Kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet No. 84 van 1967), hef ek die beperkings soos uiteengesit in die Skedule.

M. L. POVALL, Bestuurder: Ontwikkelingsadministrasie

Datum: 26 Junie 2008

SKEDULE

Die syfers wat tussen hakies is, beteken die volgende:

- (1) = Straatadres, eiendomsbeskrywing, registrasie-afdeling, munisipaliteit
- (2) = Titellakte, voorwaarde, lêerverwysing
- (3) = Omvang van verandering van verwydering

- (1) Buckrylaan 10, **Restant van Gedeelte 10 van Erf 881 Ramsgate**, Registrasie-Afdeling ET, Hibiscus Coast Munisipaliteit
- (2) T 39643/2000, D. (b), G. (b) en I. (b), 2005/268
- (3) Opheffing van 'n voorwaarde van titel wat die eiendom beperk tot tot 'n enkelwoonhuis-eiendom.

- (1) Brooklandsingel 12, **Restant van Erf 964 Durban-Noord**, Registrasie-Afdeling FU, eThekwini Munisipaliteit
 - (2) T4908/1952, 27. (c)(i)(ii) en (iii), 2006/858
 - (3) Opheffing van voorwaardes van titel wat die onderverdeling van die eiendom verbied, die oprigting van geboue op die eiendom verbied en wat die gebruik van die eiendom tot paaie, voetpaaie, parke en oopruimtes beperk.
-
- (1) Caprisingel, **Erf 1636 Uvongo**, Registrasie-Afdeling ET, Hibiscus Coast Munisipaliteit
 - (2) T 06 07568, C.(c), 2006/1417
 - (3) Opheffing van voorwaarde van titel wat die huis tot h enkelwoonhuis-eiendom beperk.
-
- (1) Abreyweg 120, **Erf 5179 Kloof**, Registrasie-Afdeling FT, eThekwini Munisipaliteit
 - (2) T 06 15155, F., 2007/466
 - (3) Opheffing van voorwaarde van titel wat vir h padserwituut voorsiening maak.
-
- (1) Jan Smutsleaan 56, Winston Park, **Erf 590 Winston Park**, Registrasie-Afdeling FT, eThekwini Munisipaliteit
 - (2) T 060032/06, H. b., H. k. a. & H. k. b., 2007/1003
 - (3) Opheffing van voorwaarde van titel wat die huis tot h enkelwoonhuis-eiendom beperk en wat boulyne daarstel.
-
- (5) Dumbeweg 25, **Erf 1100 Empangeni**, Registrasie-Afdeling – GU Umhlatuze, Munisipaliteit
 - (6) T 33552/04, B1, B2 2007/1352
 - (3) Opheffing van voorwaarde van titel wat die huis tot h enkelwoonhuis-eiendom en wat die gebruik van sekere soorte boumateriale vir die oprigting van geboue beperk.
-
- (1) Annetrylaan 553, **Erf 3477 Reservoir Hills**, Registrasie-Afdeling FT, eThekwini Munisipaliteit
 - (2) T015559/07, I. (b), 2007/1399
 - (3) Opheffing van voorwaarde van titel wat die huis tot h enkelwoonhuis-eiendom beperk.
-
- (1) Jenkinsweg, **Erf 814 Margate**, Registrasie-Afdeling ET, Hibiscus Coast Munisipaliteit
 - (2) T 6063/2001, C. (a) en C. (c), 2007/1405
 - (3) Opheffing van voorwaardes van titel wat onderverdeling en h tweede woonhuis op die eiendom beperk.
-
- (1) Headinglylaan 32, **Erf 375 Westville**, Registrasie-Afdeling FT, eThekwini Munisipaliteit
 - (2) T 74322/02, B. (b), 2007/1572
 - (3) Opheffing van voorwaarde van titel wat die eiendom tot h enkelwoonhuis-eiendom beperk.
-
- (4) Melroseweg 11, **Erf 1986 Westville**, Registrasie-Afdeling FT, eThekwini Munisipaliteit
 - (5) T06 38792, C. a) 1), 2007/1658
 - (6) Opheffing van voorwaarde van titel wat die eiendom vir benutting vir besighedsdoeleindes beperk.
-
- (1) Chelsearylaan, **Erf 1798 Durban-Noord**, Registrasie-Afdeling FU, eThekwini Munisipaliteit
 - (2) T 27061/07, B.1.; B.2. en B.4., 2008/59
 - (3) Opheffing van voorwaardes van titel wat die eiendom beperk tot h woonhuis en wat die benutting van die eiendom vir besighedsdoeleindes beperk asook die vertoon van advertensieborde op die eiendom verbied.

- (1) Sherwoodsingel 16, Erf 1765 Amanzimtoti, Registrasie-Afdeling ET, eThekweni Munisipaliteit
- (2) T06 04305, (b)1. en (b)2., 2008/221
- (3) Opheffing van voorwaardes van titel wat die eiendom tot residensiële gebruik en tot 'n enkelwoonhuis-eiendom beperk.

- (1) Firststraat 1, KwaDukuza, Erf 5448 Stanger, Registrasie-Afdeling FU, KwaDukuza Munisipaliteit
- (2) T 04 28940, (d) 3. en (d) 4., 2008/541
- (3) Opheffing van voorwaarde van titel wat die eiendom tot 'n enkelwoonhuis-eiendom beperk en wat die gebruik van sekere soorte boumateriale vir die oprigting van geboue beperk.

No. 145**3 Julie 2008****WET OP ONTWIKKELINGSFASILITERING, 1995: PERSEEL S.73 NO. 5221, MAHEHLE BEHUISINGSPROJEK FASE 1, UBUHLEBEZWE MUNISIPALITEIT**

Kragtens artikel 33(4) van die Wet op Ontwikkelingsfasilitering, 1995, (Wet No. 67 van 1995), het die Ontwikkelingstribunaal die ontwikkeling van 'n laekostebehuising-ontwikkeling van 528 residensiële erwe (erwe 2 -75, 77 – 256, 261 – 534), 1 crèche (Erf 258), 1 laerskool (erf 259) 1 hoërskool (Erf 260), 1 gemeenskapsfasiliteit (Erf 257), 9 oopruimtes (erwe 535 – 543) en 29 openbare paaie (erwe 551 – 580) goedgekeur, onderhewig aan die volgende Perseel S.73 No, 5221, Registrasie-Afdeling ES, Mahehle Behuisingsprojek Fase 1, Ubuhebezwe Munisipaliteit, onderhewig aan die volgende voorwaardes van vestiging met betrekking tot die opskortende beperkende voorwaardes en serwitude, grondgebruiksbestuur en toepassing van wette —

- (a) die opskorting van voorwaarde 1 van Transportakte T 58333/02 wat mineraalregte voorbehou;
- (b) die uitleg en sonering van die grondontwikkelingsgebied moet ooreenstem met Skets No. 7724/B/ Mahehle Bladsy 1 van 4 bladsye tot bladsy 4 van 4 bladsye (Fase 1) totdat 'n skema vir die gebied ooreenkomstig enige wet aanvaar is;
- (c) die grondgebruiksvoorwaardes in Skedule 1 sal van toepassing wees op die grondontwikkelingsgebied totdat 'n skema vir die gebied ooreenkomstig enige wet aanvaar is;
- (d) artikels 11, 11*bis*, 12 -28, 33, 35 - 38, 44, 45 en 47*bis* van die Dorpbepanningsordonnansie (Ordonnansie No 27 van 1949), is nie van toepassing op die grondontwikkelingsgebied vir die doeleindes van die ontwikkeling daarvan in ooreenstemming met die voorwaardes van goedkeuring van aansoek 2004/148 nie;
- (e) die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1970 (Wet No. 70 van 1970), sal nie van toepassing wees op die grondontwikkelingsgebied nie;
- (f) die bepalinge van die Wet op Nasionale. Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet No. 103 van 1977), en enige ander wet wat die oprigting van geboue binne die grondontwikkelingsgebied verbied, sal nie van toepassing wees op bestaande geboue binne die grondontwikkelingsgebied nie. Die wette sal egter van toepassing wees op daaropvolgende veranderings aan die bestaande geboue en op die oprigting van enige nuwe geboue op die grondontwikkelingsgebied.

S.S. Annoop, Aangewese Beampte

Datum: 26 Junie 2008

Lêerverwysing: 2004/148

SKEDULE 1

GRONDGEBRUIKKONTROLES

1. OMSKRYWINGS

In hierdie voorwaardes, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

“Bedryf” ’n industriële gebou waarin die prosesse wat daar plaasvind en of die masjinerie daar geïnstalleer sodanig van aard is dat dit kan plaasvind of geïnstalleer kan word in ’n industriële sone sonder om ’n oorlas te wees aan ander eiendomme binne die sone of die algemene publiek of tot nadeel van die innemendheid van ander gebruiksones, as gevolg van geraas, vibrasie, reuk, dampe, rook, roet, as, stof, gruis, generering van verkeer, grootte of ander oorsake;

“Besigheidsdoeleindes” die benutting van ’n gebou en grond vir kantore, skousale, restaurante of enige ander besigheid of kommersiële doeleinde anders as vir ’n plek van onderrig, ’n winkel, ’n openbare garage, ’n bedryf, ’n skadelike praktyk bouerswerf of skrootwerf;

“Crèche” ’n gebou of gedeelte daarvan vir die sorg van sewe of meer babas en kleuters gedurende die dagafwesigheid van hul ouers of voogde;

“Dekking” die gebied van ’n eiendom wat deur die geboue gedek word soos gemeet oor die eksterne mure soos vertikaal van bo gesien en uitgedruk as ’n persentasie van die gebied van die eiendom;

“Eienaar” met betrekking tot ’n gebou of grond, beteken:

- (a) die geregistreerde eienaar;
- (b) ’n persoon wat die boedel van enige persoon soos vermeld in (a) hierbo administreer, hetsy as eksekuteur, administrateur of voog of in enige ander kapasiteit;
- (c) ’n persoon wat betaling van enige okkupant ontvang, of ’n persoon wat betaling sal ontvang sou die gebou of grond verhuur word, hetsy vir sy eie rekening of as agent van enige persoon wat daarop geregtig is, of wat ’n belang daarby het; en
- (d) die behoorlik gemagtigde agent van ’n persoon soos beoog in (a) tot (d) hierbo;

“Eiendom” enige gedeelte van grond wat as ’n aparte eenheid in die akteskantoor geregistreer is;

“Gebou” ’n konstruksie of struktuur van enige aard op enige grond;

“Gebruiksones” ’n sone wat onderhewig is aan die beperkings wat neergelê is vir die oprigting en gebruik van geboue of grond soos vervat in Tabel A.

“Gemeenskapsaal” ’n gebou ontwerp vir die gebruik, of wat hoofsaaklik gebruik word vir sosiale byeenkomste, vergaderings of rekreasionele doeleindes;

“Huisaktiwiteit” ’n aktiwiteit of gebruik, in samehang met ’n woonhuis of residensiële gebou of ’n struktuur wat op die terrein van ’n bestaande woonhuis of residensiële gebou is, wat:

- (a) Beperk sal word tot die eienaar van die eiendom, wat daarop sal woon, met dien verstande dat die munisipaliteit in uitsonderlike gevalle, en as dit tevrede is dat die primêre gebruik van die woonhuis as 'n residensiële eenheid onder geen omstandighede benadeel sal word nie, toelaat dat die aktiwiteit deur 'n persoon anders as die eienaar uitgevoer word;
- (b) Nie werk sal insluit waar daar aan vier of meer motorvoertuie gewerk word nie met dien verstande dat die munisipaliteit in uitsonderlike gevalle en wanneer dit tevrede is dat die primêre doel van die woonhuis as 'n residensiële eenheid onder geen omstandighede benadeel sal word nie, toelaat dat werk aan vier of meer motorvoertuie daar plaasvind;
- (c) Nie die parkering van enige voertuig met 'n massa van meer as 2 000kg op of langs die terrein sal insluit nie;
- (d) Nóg die gereelde bymekaarkom van meer as vyf persone op die terrein nóg die indienstelling van meer as drie persone op die terrein sal insluit;
- (e) Nie sal insluit dat enige aktiwiteit of werk tussen die ure van 18h00 en 07h30 sal plaasvind nie, behalwe met die uitdruklike goedkeuring van die munisipaliteit;
- (f) Nie 'n vloeroppervlakte in gebruik neem van meer as 10% van die totale oppervlakte van die terrein wat nie 50m² sal oorskry nie, behalwe met die toestemming van die munisipaliteit;
- (g) Nie 'n bord groter as 600mm by 450mm, wat die aard van die aktiwiteit aandui, sal oprig nie. So 'n bord moet van 'n stof gemaak wees, en die styl en grootte van die letters moet van so 'n aard wees dat dit die residensiële karakter van die woonhuis aanvul en dit moet op die hoofmuur van die gebou aangebring word en moet die munisipaliteit se goedkeuring wegdra;
- (h) Moet nie geraasvlakke produseer wat 7db bo die omringende geraasvlakke soos gemeet van enige punt van die eiendomsgrens, oorskry nie;
- (i) Moet nie sodanig verkeer genereer wat die voorsiening van addisionele parkering regverdig nie;
- (j) Moet geen residensiële adres in enige advertensie van die aktiwiteit aanhaal nie;
- (k) Moet nie enige grootskaalse berging van goedere of items wat met die aktiwiteit geassosieer word op die terrein of langs die terrein insluit nie;
- (l) In die geval van die vestiging van 'n kindersorg/speelskool, moet --
 - (i) dit in die algemeen deur slegs een persoon bedryf word, welke persoon op die eiendom moet woon, alhoewel 'n assistent op die diskresie van die munisipaliteit aangestel mag word;
 - (ii) dit beperk word tot die akkommodering en sorg van nie meer as twaalf kinders, buiten die kinders van die aansoeker; en
 - (iii) die bedryf daarvan beperk word tot tussen die ure van 07h00 en 17h30; en
- (m) dit moet nie die verkoop van sterk drank of enige alkoholiese drank insluit nie.

“Instelling” 'n gebou wat ontwerp of hoofsaaklik gebruik word as 'n liefdadigheidsinstelling, hospitaal, verpleeghuis, sanatorium, kliniek of enige ander instelling, hetsy openbaar of privaat;

“Kantoor” 'n Gebou wat vir besigheids-, professionele, mediese of administratiewe kantore gebruik word, maar uitgesluit 'n banksaal en die direkte verkoop of berging of vertoon van enige goedere of kommoditeit hetsy die verkryging van 'n algemene handelaarslisensie nodig is aldan nie;

“Landbougrond” bewerkbare, weiveld of weigrond, marktuine, pluimveeplaas, tuinkwekery en grond wat gebruik word vir veeteelt of huishoudelike diere, pluimvee of bye en sluit in enige gebou wat daaraan verbonde is, maar sluit geboue vir die gebruik van die landboubedryf en geboue wat gebruik word om katte en honde te huisves uit;

"Mediese Spreekkamer" 'n instelling wat hoofsaaklik gemoeid is met die verskaffing van gesondheidsdienste, maar wat nie oomagsorg bied of dien as 'n basis vir 'n ambulansdiens nie. 'n Mediese spreekkamer word deur 'n dokter, tandarts of soortgelyke praktisyn bedryf;

"Munisipaliteit" die Ubuhlebezwe Munisipaliteit;

"Okkupant" met betrekking tot enige gebou, struktuur of grond, wat enige persoon insluit wat sodanige gebou, struktuur of grond bewoon of wettiglik geregtig is om dit te bewoon, of enige iemand wat beheer of bestuur daarvan het, en dit sluit die agent van sodanige persoon wat afwesig is van die gebied of wie se adres onbekend is;

"Openbare garage" is 'n gebou wat ontwerp is vir of grond wat hoofsaaklik vir die versiening, herstel of hervulling van voertuie en daarmee gepaardgaande doeleindes;

"Park" grond beoog vir die gebruik van rekreasie wat wandelpaadjies en strukture of geboue mag insluit;

"Parkeerarea" grond wat geormerk is vir parkering van motorvoertuie;

"Plek van Onderrig" grond of 'n gebou wat gebruik word en ontwerp is om hoofsaaklik as 'n skool, tegniese kollege, lesingsaal, instituut of ander opvoedkundige sentrum, en sluit 'n crèche, 'n klooster vir monnike of nonne, 'n openbare biblioteek, 'n kunsgalery, 'n museum en 'n gimnasium in;

"Plek van Openbare Aanbidding" 'n gebou wat ontwerp is vir die gebruik of hoofsaaklik gebruik word as 'n kerk, kapel, oratorium, huis van aanbidding, sinagoge, moskee of ander plek van openbare toewyding, en sluit 'n gebou ontwerp vir die gebruik en wat gebruik word as 'n plek van godsdiensoonderrig en 'n instelling op dieselfde eiendom wat beoog word om gebruik te word vir die sosiale vermenging en rekreasie, maar sluit nie 'n begrafniskapel in nie;

"Skadelike praktyk" sluit enige bedryf of vorm van handeldryf wat as gevolg van geraas of afloop gevaarlik of skadelik vir die gesondheid en die welsyn van die algemene publiek is, soos, maar nie beperk nie, tot die smelt van erts en minerale, werke vir die maak van swaekleurstowwe, of die sintering van swaelhoudende stowwe;

"Residensiële gebou" 'n gebou ontwerp of hoofsaaklik gebruik vir menslike bewoning en die gebruike ingevolge paragraaf 7, wat meer as een wooneenheid kan insluit;

"Skrootwerf" grond en geboue wat gebruik word om herwinbare motoronderdele aan te hou en te verkoop;

"Sportgrond" grond en geboue wat gebruik word vir die beoefening van sport en mag 'n klubhuis, pawiljoen, kleedkamers, gimnasium, muurbalbane of soortgelyke geboue insluit;

"Verdieping" die ruimte in 'n gebou tussen een vloervlak en die volgende vloervlak of tussen een vloervlak en die plafon of die dak;

"Vloeroppervlak" die somtotaal van die gebiede wat deur die gebou op die vloervlak van elke verdieping gedek word;

“Winkel” grond of h gebou wat wat gebruik word of hoofsaaklik ontwerp is vir die doel om kleinhandel te dryf en die nodige gepaardgaande berging en verpakking en sluit enige gepaardgaande gebruik op dieselfde terrein wat bykomend en ondergeskik aan die bedryf van kleinhandel is;

“Wooneenheid” h stel kamers wat onderling verbind is en vir menslike bewoning ontwerp is, wat h kombuis of waskombuis mag bevat;

2. TOEPASSING VAN DOKUMENT

2.1 Hierdie voorwaardes sal van toepassing wees op enige eiendom binne die gebied wat op die uitlegplan aangedui is.

2.2 Die bepalings van hierdie voorwaardes sal nie enige bestaande gebou onwettig maak wat wettig opgerig is in ooreenstemming met goedgekeurde bouplanne nie. Met dien verstande dat veranderinge, anders as klein veranderinge, of h verandering in gebruik van sodanige gebou in ooreenstemming met hierdie voorwaardes aangebring sal word.

3. SY- EN AGTERRUITES

3.1 Geen gebou anders as grensmure, heinings en tydelike geboue wat vereis word rakende boubedrywighede wat op die eiendom uitgevoer word, mag opgerig word sonder h ruimte, vry van enige gebou of struktuur, daartussen en een van die sygrense en ook tussen die gebou en die agtergrens van die eiendom nie.

3.2 Die ruimte langs die kant van die gebou moet h minimum van twee meter wyd wees.

3.3 Die ruimte aan die agterkant van die gebou moet h minimum van twee meter wyd wees.

4. VERSLAPPING VAN SY- EN AGTERRUITES

4.1 Met ontvangs van h geskrewe aansoek, mag die munisipaliteit toestem tot die permit die oprigting van h gebou binne die sy- en agterruimtes.

4.2 Enige toestemming toegestaan ingevolge paragraaf 5.1 sal geldig wees vir die lewensduur van die betrokke gebou.

5. OPRIGTING EN BENUTTING VAN GEBOUE OF BENUTTING VAN GROND

Die doeleindes waarvoor geboue en grond in elk van die gebruiksones soos gespesifiseer in Kolom 1 van Tabel mag —

5.1 opgerig en benut;

5.2 opgerig en benut slegs met die goedkeuring van die munisipaliteit; of

5.3 nie opgerig en benut nie word in die tweede, derde en vierde kolomme van Tabel A, onderskeidelik uiteengesit.

6. ADDISIONELE GEBRUIKE TOEGELAAT MET BETREKKING TOT RESIDENTIËLE EIENDOMME

- 6.1 Die aantal wooneenhede en die grootte van 'n residensiële gebou wat opgerig mag word op 'n eiendom sal slegs as gevolg van die hoogte en dekkingsbepalings van hierdie voorwaardes beperk word en by enige toepaslike gesondheids- en bouregulasies.
- 6.2 Die bewoners van 'n residensiële gebou mag hul maatskaplike en godsdienstsake en hul beroepe, professies, ambagte, insluitende kleinhandel op die eiendom waarop sodanige residensiële gebou opgerig is: met dien verstande dat —
- 6.2.1 die oorheersende benutting van die eiendom residenieel sal bly;
- 6.2.2 die beroep, ambag of profesie of ander aktiwiteit nie skadelik sal wees nie;
- 6.2.3 die beroep, ambag of profesie moet nie met die innemendheid van die buurt indruis nie; en
- 6.2.4 die beoefening van die die beroep, ambag of profesie, moet nie uit pas uit wees met die benutting van die grond soos voorsiening gemaak in Tabel A nie.

7. SPESIALE VOORWAARDES VAN TOEPASSING OP OPENBARE GARAGES

- 7.1 Niks moet in 'n openbare garage geberg word nie en geen herstellings van enige aard aan voertuie of toerusting moet in 'n openbare garage gedoen word nie, behalwe in 'n gebied wat tot die tevredenheid van die munisipaliteit vir sodanige doeleindes goedgekeur is nie.
- 7.2 Die munisipaliteit mag die beperking soos vervat in paragraaf 7.1, verslap in die geval waar die eiendom langs, of omring is deur industriële gebouke.

8. VERGUNNINGSGEBRUIK OF GOEDKEURING DEUR DIE MUNISIPALITEIT

- 8.1 Enige aansoek aan die munisipaliteit vir die goedkeuring van 'n vergunningsgebruik met betrekking tot die relevante eiendom wat in Kolom 3 van Tabel A gelys is, sal deur die eienaar van die grond of gebou waarop die aansoek betrekking het, gedoen word: met dien verstande dat die bepalinge van hierdie paragraaf en van paragrawe 9 en 10 nie van toepassing sal wees op enige aansoek om vergunning deur die munisipaliteit nie, behalwe vir die doeleindes ooreenkomstig hierdie voorwaardes soos in Kolom 3 van Tabel A gespesifiseer.
- 8.2 Die bevoegdheid van die munisipaliteit om sy vergunning ingevolge paragraaf 8.1 toe te staan sal ook die bevoegdheid om vergunning of goedkeuring te weier insluit, en indien vergunning toegestaan is, die bevoegdheid om enige voorwaardes in te stel, wat dit nodig mag ag.
- 8.3 As die eienaar van die betrokke eiendom in gebrek is van 'n voorwaarde waarvolgens enige vergunning beoog in paragraaf 8.2, deur die munisipaliteit toegestaan is, mag die munisipaliteit 'n kennisgewing aan sodanige eienaar of die okkupant van die onderhawige eiendom bedien waarin 'n beroep op hom gedoen word om sodanige breuk te herstel, en as die betrokke gebrek nie herstel is soos vereis in sodanige kennisgewing nie, mag toestemming deur die betrokke munisipaliteit teruggetrek word.

8.4 Die kennisgewing waarna in paragraaf 8.3 verwys word, moet vereis dat die gebrek binne 'n vasgestelde tydperk reggestel word.

8.5 Enige aansoeker wat gegrief voel deur enige besluit van die munisipaliteit beoog in hierdie paragraaf, mag binne agt-en-twintig dae by die tribunaal appelleer: met dien verstande dat, as die Munisipaliteit weier om 'n besluit oor enige aansoek te gee of onredelik versuim om 'n besluit te gee, mag die aansoeker by die tribunaal appelleer asof hy of sy teen 'n besluit van die munisipaliteit appelleer.

9. AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK EN BESWARE

9.1 Enige eienaar wat beoog om by die munisipaliteit om toestemming aansoek te doen soos in paragraaf 9.1 beoog, sal voor sy indiening van sodanige aansoek:-

9.1.1 'n kennisgewing van sodanige aansoek op die grond of gebou waarop dit betrekking het, vir 'n tydperk van veertien dae aanheg, vertoon of handhaaf; en

9.1.2 veertien dae geskrewe kennis aan die eienaars van aangrensende eiendomme en van die eiendomme direk oorkant die straat van die eiendom wat die onderwerp vorm van die aansoek .

9.2 'n Kennisgewing soos in paragraaf 9.1 beoog, sal verklaar dat enige persoon wat enige beswaar tot die aansoek het, sodanige beswaar in skrif by die munisipaliteit en by die aansoeker moet indien binne veertien dae na die datum datum van die laaste dag waarop die kennisgewing vertoon is.

9.3 Bewys van die vertoon van die kennisgewing beoog in paragraaf 9.1.1, en 'n lys van die eienaars beoog in paragraaf 9.1.2, en hulle adresse moet die aansoek vergesel.

9.4 Die munisipaliteit sal enige beswaar oorweeg wat dit binne die veertien dae kennisgewingsperiode beoog in paragraaf 9.1.1, en sal, binne 60 dae na die verval van sodanige kennisgewingsperiode, die aansoeker en die beswaarmakers, indien enige, van sy besluit in kennis stel deur 'n afskrif van sodanige besluit aan die betrokke persone te lewer.

9.5 'n Besluit van die munisipaliteit soos beoog in paragraaf 10.4, sal nie van krag wees voordat die kennisgewingsbriewe aan die aansoeker en beswaarmakers deur sodanige persone beoog in paragraaf 10.4, ontvang is nie, of as 'n appèl ingevolge paragraaf 8.5 geloods is, totdat 'n besluit rakende sodanige appèl geneem is.

10. VERSTRYKING VAN VERGUNNING

Indien die regte wat by wyse van die toestaan van 'n vergunning deur die munisipaliteit ingevolge paragraaf 8, nie binne vier-en-twintig maande van die toestaan daarvan uitgeoefen word nie, of indien die regte uitgeoefen is, maar die gebruik wat daaronder toegelaat is, vir 'n aaneenlopende tydperk van agtien maande onderbreek is, sal die betrokke toestemming verval, tensy enige voorwaarde waaronder sodanige toestemming toegestaan is spesifiek andersins voorsiening maak of die eienaar tot bevrediging van die munisipaliteit bewys dat hy beoog om sy regte uit te oefen.

11. BEPALINGS VAN PARKERING

11.1 Voldoende parkeerplek moet voorsien word vir die grondgebruike wat in Tabel B gelys word: Parkeerplek moet volgens die beverediging van die munisipaliteit uitgelê word.

- 11.2 Die munisipaliteit mag, op aansoek deur die eienaar van die betrokke eiendom, toestemming vir die verslapping van die parkeervereistes soos in Tabel B uiteengesit, toestaan.

12. BEPERKINGS OP DIE HOOGTE VAN GEBOUE

- 12.1 geboue wat op eiendomme in residensiële gebruiksones opgerig word, mag nie twee verdiepings sonder die munisipaliteit se toestemming oorskry nie.
- 12.2 geboue wat op eiendomme anders as residensiële gebruiksones opgerig word, mag nie drie verdiepings sonder die munisipaliteit se toestemming oorskry nie.
- 12.3 Die aantal verdiepings wat in hierdie paragraaf beoog word, sal die verdieping op grondvlak insluit, maar sal nie kelderverdiepings wat onder grondvlak is, insluit nie.

13. BEPERKINGS OP DEKKING VAN GEBOUE

Geboue moet nie die dekking soos in Tabel C gespesifiseer oorskry nie: Met dien verstande dat die Munisipaliteit op geskrewe aanvraag toestemming mag toestaan vir 'n maksimum van 10% addisionele dekking.

14. ALGEMENE INNEMENDHEID EN GERIEF

- 14.1 Nieteenstaande enige iets tot die teendeel van wat in hierdie voorwaardes vervat is, sal geen persoon 'n eiendom op sodanige wyse gebruik of ontwikkel dat dit afbreek sal doen aan die innemendheid en gerief van die gebied waarin dit geleë is nie.
- 14.2 Die bepalings van hierdie paragraaf sal afdwingbaar wees deur die munisipaliteit of enige ander party teen die huurder of die geregistreerde eienaar van die betrokke eiendom soos beoog in paragraaf 14.1.

15. BEDIENING VAN KENNISGEWING

Enige kennisgewing wat vereis word, of gemagtig word om bedien te word in ooreenstemming met hierdie voorwaardes sal bedien word in ooreenstemming met hierdie Regulasies.

TABEL A

GEBRUIKSONE	TOEGELATE GEBRUIKE	GEBRUIKE SLEGS TOEGELAAT MET DIE TOESTEMMING VAN DIE MUNISIPALITEIT	VERBODE GEBRUIKE
1	2	3	4
Residensiëel	Residensiële geboue Huisaktiwiteite Landbougrond	Plek van Openbare Aanbidding, Plek van Onderrig, Gemeenskapsaal, Sportgrond, Instelling, Mediese Spreekkamer	Gebuike nie in kolom 2 of 3 nie
Gemengde gebruik	Residensiële geboue Huisaktiwiteite Winkel	Plek van Openbare Aanbidding, Plek van Onderrig, Gemeenskapsaal, Sportgrond, Instelling, Mediese Spreekkamer	Gebuike nie in kolom 2 of 3 nie
Besigheid	Winkel s, Besigheidsdoeleindes, Residensiële gebou, Plek van Openbare Aanbidding, Plek van Onderrig, Gemeenskapsaal, Sportgrond, Instellings	Gebuike nie in kolom 2 of 4 nie	Skadelike praktyk
Industrieel	Nywerheid, Besigheidsdoeleindes, Winkel, Openbare Garage, Skrootwerf, Parkeerarea		Gebuike nie in kolom 2 of 3 nie
Gemeenskapsfasiliteit	Plekke van Openbare Aanbidding, Plekke van Onderrig, Gemeenskapsale, Sportgrond, Instellings	Residensiële gebou	Gebuike nie in kolom 2 of 3 nie
Administrasie	Munisipale Doeleindes	Residensiële gebou	Gebuike nie in kolom 2 of 3 nie
Onbepaald	Geen	Gebuike nie in kolom 4 nie	Skadelike praktyk
Openbare Oopruimte	Parke, Sportgrond	Residensiële gebou	Gebuike nie in kolom 2 of 3 nie

Landbou	Landbougrond	Gebruik nie in kolom 2 of 4 nie	Residensiële gebou , Huisaktiwiteit, Winkels, Nywerheid, Openbare Garage, Skrootwerf
Spesiale Sone 1	Landbougrond, Winkel, Plek van Onderrig, Gemeenskapsaal	Gebruik nie in kolom 2 of 4 nie	Skadelike praktyk

TABEL B

PARKERING

GEBRUIK	MINIMUM PARKERINGVEREISTES
Besigheidsdoeleinde	1 plek per 100m ² van vloeroppervlakte
Crèche	1 plek per onderwyser, plus 2 plekke vir besoekers
Huisaktiwiteit	1 plek per wooneenheid
Ligte nywerheid	1 plek per 100m ² van vloeroppervlakte
Kantoor	2 plekke per 100m ² van kantoorvloeroppervlakte
Plek van Openbare Aanbidding	1 plek vir elke 10 sitplekke
Residensiële gebou	1 plek per wooneenheid
Winkel	4 plekke per 100m ² van winkelvloeroppervlakte

TABEL C

GEBRUIKSONE	TOELAATBARE DEKKING
Crèche	70%
Besigheidsdoeleindes	70%
Ligte nywerheid	50%
Plek van Openbare Aanbidding	70%
Residensiël	30%

WET OP ONTWIKKELINGSFASILITERING, 1995: VOORGESTELDE GEDEELTE 53 VAN DIE PLAASPERSEEL 72 NO. 1526 KONSOLIDASIE VAN GEDEELTES 46 - 47 VAN DIE PLAASPERSEEL LOT 72 NO. 1526 (ERF 1334 SHAKASKOP – IMBONINI DIENSPARK), KWADUKUZA MUNISIPALITEIT

Kragtens artikel 33(4) van die Wet op Ontwikkelingsfasilitering, 1995, (Wet No. 67 van 1995), het die Ontwikkelingstribunaal die ontwikkeling goedgekeur van 'n diensparkontwikkeling bestaande uit 45 diensparkerwe, 1 administrasie erf en 8 bewaringsreservate op Voorgestelde Gedeelte 53 van die Plaasperseel 72 No. 1526 wat 'n konsolidasie van Gedeeltes 46 - 47 van die Plaasperseel 72 No. 1526, Registrasie-Afdeling FU, Imbonini Dienspark, KwaDukuza Munisipaliteit is, onderhewig aan die volgende voorwaardes van vestiging met betrekking tot grondgebruikbestuur, die opskorting van wette en die toepassing van wette—

(a) die wysiging van die Umhlalstrand Stadsbeplanningskema—

- (i) deur die uitbreiding van die Umhlalstrand Stadsbeplanningskema om die grondontwikkelingsgebied in te sluit;
- (ii) deur die uitleg van die grondontwikkelingsgebied in ooreenstemming met Uitlegplan IMB 012 – 12.10.06 Rev 5, gedateer Oktober 2006;
- (iii) deur die invoeging na die definisie van "35. Strandgeriewe fasiliteit" van die volgende omskrywings—

"36. Kuns en Kunsvlyt Werkswinkel: beteken 'n gebou waar die hoofdoel die vervaardiging en verkoop van goedere en dienste is, waar die prosesse in samewerking met 'n winkel of kantoor waartoe die publiek toegang het, bedryf word. Die goedere en dienste mag insluit kunste, tekstielontwerp, wewery, pottebakery, leerwerk, ateljees, mode-ontwerp en drukwerk.

37. Motorvertoonkamer: beteken 'n gebou of grond wat gebruik word vir die vertoon en verkoop van motorvoertuie, maar sluit nie 'n motorskrootwerf, diensstasie of garage in nie.

38. Munisipale Doeleindes: beteken en sluit die gebruik in van grond en die oprigting en gebruik van geboue deur en namens, 'n verantwoordelike owerheid ten einde munisipale funksies uit te voer, maar sluit rioolwerke uit.

39. Groothandelaarswinkel: beteken 'n gebou wat hoofsaaklik gebruik word vir die doeleindes van groothandel of 'n groothandelsaak waarin die hoofdoel die verkope van goedere deur groothandel is";

(iv) deur die invoeging van Kolom 5 van Tabel C van Algemene Residensiële, Intermediêr Residensiële, Bepaalde Handel, Algemene Handel, Besigheid, Opvoeding, Administrasie, en Dienstepark van "36. Kuns en Kunsvlyt Werkswinkel", "37. Motorvertoonkamer", "38. Munisipale Doeleindes", en "39. Groothandelaarswinkel";

(v) deur die invoeging na "Spesiale Sone: Chairman's Rest Residensiële Landgoed" in Tabel C van "Spesiale Sone: Imbonini Dienstepark" beoog in Skedule 1;

(vi) deur die invoeging na "Spesiale Sone: Chairman's Rest Residensiële Landgoed" in Tabel D van "Spesiale Sone: Imbonini Dienstepark" beoog in Skedule 2;

(b) die opskorting van die volgende wette—

- (i) artikels 11, 11*bis*, 12, 16 -28, 35-39, 44, 45, 47 en 47*bis* van die Dorpbeplanningsordonnansie (Ordonnansie No 27 van 1949) sal nie van toepassing wees op die grondontwikkelingsgebied vir die doeleindes van die ontwikkeling daarvan in ooreenstemming met hierdie voorwaardes van dorpsvestiging nie;
- (ii) Die bepalinge van die Die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1970 (Wet No. 70 van 1970) sal

- nie van toepassing wees op die grondontwikkelingsgebied nie.
- (iii) Die bepalings van die Wet op Nasionale. Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet No. 103 van 1977), en enige ander wet wat die oprigting van geboue binne die grondontwikkelingsgebied reël, sal nog steeds van toepassing wees op die grondontwikkelingsgebied.

Gegee onder my hand te Durban, op hierdie 26 dag van Junie Twee-duisend-en-agt.

M. Moonsamy, Aangewese Beampte, KwaDukuza Munisipaliteit

Datum: 26 Junie 2008

Lêerverwysing: 2006/932

SKEDULE 1

1	2	3	4	5
GEBRUIKSONE	KLEURNOTASIE	DOELEINDES	DOELEINDES	DOELEINDES
	OP	WAARVOOR GEBOU	WAARVOOR GEBOU	WAARVOOR GEBOU
	SKEMAKAART	OPGERIG EN GEBRUIK	SLEGS MET SPESIALE	NIE OPGERIG OF
		MAG WORD EN	TOESTEMMING OPGERIG	GEBRUIK KAN WORD
		WAARVOOR GROND	EN GEBRUIK MAG WORD	NIE EN WAARVOOR
		GEBRUIK MAG WORD	EN WAARVOOR GROND	GROND NIE GEBRUIK
			SLEGS MET SPESIALE	MAG WORD NIE
			TOESTEMMING GEBRUIK	
			MAG WORD	
Spesiale Sone:	Pers	7. Kommersiële	9. Crèche	Gebou- en grondgebruike
Imbonini		Werkswinkel	10. Woonhuis	nie ingesluit in Kolomme 3
Dienstepark		16. Selfbedienwassery	11. Opvoedkundige gebou	en 4 nie.
		17. Ligte nywerheidsgebou	13. Begrafniskamer	
		20. Kantoorgebou	14. Garage	
		22. Plek van Openbare	15. Instelling	
		Vermaak	21. Parkeergarage	
		28. Restaurant	23. Plek van Byeenkoms	
		30. Diens Industriële gebou	24. Private Rekreasie Area	
		34. Pakhuis	25. Openbare Kantoor	
		36. Kuns en Kunsvlyt	26. Rekreasionele gebou	
		Werkswinkel	27. Residensiële gebou	
		37. Motorvertoonkamer	31. Dienstasie	
		39. Groothandelaarswinkel	32. Winkel	
			38. Munisipale Doeleindes	

SKEDULE 2

DIGTHEIDSONE	MAKSIMUM TOEGELATE F.A.R., DEKKING EN HOOGTE	ADDISIONELE KONTROLES	KLEURNOTASIE OP SKEMAKAART
Spesiale Sone: Imbonini Dienstepark	1 : 70 : 3	1. Minimum perseelgrootte 1500m ² . 2. Geen geboue mag goedgekeur word voordat h rioolverwyderingstelsel nie deur die Plaaslike Owerheid voorsien is nie. 3. Nie-ontwikkelingserwitute soos op Plan IMB012 12.10.06 Rev #6 aangedui, moet deur die grondeienaar van die dienende erf onderhou word soos per die Omgewingsbestuurplan.	Pers

No. 147**3 Julie 2008****WET OP ONTWIKKELINGSFASILITERINGS, 1995: ERF 67 SEA PARK (UKUSA RIVER ESTATE), HIBISCUS COAST MUNISIPALITEIT**

Kragtens artikel 33(4) van die Wet op Ontwikkelingsfasiliterings, 1995, (Wet No. 67 van 1995), het die Ontwikkelingsriunaal die ontwikkeling van 110 Spesiale Sone 9 (Residensieel 500m²), 67 Residensieel slegs 2, 4 Plaaslik Residensieel 1 erwe, 2 Administrasie erwe, 2 Privaat Bewaringsreservaat erwe en 3 Privaatpaderwe op Erf 67 Sea Park, Registrasie-Afdeling ET, Ukusa River Estate, Hibiscus Coast Munisipaliteit, onderhewig aan die volgende voorwaardes van vestiging met betrekking tot die grondgebruikbestuur en die toepassing van wette—

- (a) die Port Shepstone Stadsbeplanning Skema is gewysig—
 - (i) deur die uitleg en sonering van die grondontwikkelingsgebied in ooreenstemming met Uitlegplan (06E01P11) Revision C gedateer Augustus 2006;
 - (iii) deur die invoeging na "Spesiale Sone 8 (Hill Billion Estate/Hotel)" in Tabel C van "Spesiale Sone 9 (Ukusa River Estate)" soos beoog in Skedule 1;
- (b) artikels 11, 11*bis*, 12, 16 -28, 35 - 39, 44, 45, 47 en 47*bis* van Dorpbeplanningsordonnansie (Ordonnansie No 27 van 1949) is nie van toepassing op die grondontwikkelingsgebied vir die doeleindes van die ontwikkeling daarvan in ooreenstemming met die voorwaardes van goedkeuring van aansoek 2006/1088 nie;
- (c) die bepalings van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet No. 103 van 1977) en enige ander wet wat die oprigting van geboue binne die grondontwikkelingsgebied reël, is van toepassing op die grondontwikkelingsgebied.
- (d) Die Hibiscus Coast Munisipaliteit se bywette en Margate Stadsbeplanningskema sal steeds op die Grondontwikkelingsgebied van toepassing wees.
- (e) Die Nasionale Huisbouers Registrasie Raad se bouregulasies sal steeds op die grondontwikkelingsgebied van toepassing wees.

S S Annoop, Aangewese Beampte

Datum: 26 Junie 2008

Lêerverwysing: 2006/1088

SKEDULE 1

SPEZIALE SONE 9 UKUSA RIVER ESTATE (RESIDENSIEEL 500 M²)	
9.1 Erfnommers	Erwe 367 – 388, 428 – 447 en 476 – 543 van Sea Park
9.2 Toegelate Gebruike	Woonhuis
9.3 Gebruike toegelaat slegs met die Plaaslike Owerheid se toestemming	Huisaktiwiteit Tuisnywerheid Bed-en-Ontbyt
9.4 Verbode Gebruike	Geboue en gebruike nie ingesluit in 9.2 en 9.3 hierbo nie.
9.5 Maksimum toegelate FAR, Dekking, Hoogte:	0.5 : 50 : 2
9.6 Minimum perseelgrootte	500m ²
9.7 boulyn	3 m
9.8 Sy- en agterruimte	1.5 m
9.9 Addisionele Kontroles	Onderhewig aan die verskaffing van rioolverwydering deur die Plaaslike Owerheid

No. 148

3 Julie 2008

WET OP ONTWIKKELINGSFASILITERING, 1995: GEDEELTE 3 VAN DIE PLAAS GAYWOOD NO. 15315, WOODRIDGE FOREST ESTATE, UMNENI MUNISIPALITEIT

Kragtens artikel 33(4) van die Wet Op Ontwikkelingsfasiliterings, 1995, het die Ontwikkelingstribunaal die ontwikkeling van 20 deeltitel-eenhede en 'n administratiewe kantoor op Gedeelte 3 van die plaas Gaywood No. 15316, Registrasie-Afdeling GS, Woodridge Forest Estate goedgekeur, onderhewig aan die volgende voorwaardes van vestiging met betrekking tot grondgebruikbestuur en die toepassing van wette —

- (a) die uitleg van die grondontwikkelingsgebied sal in ooreenstemming wees met Plan 10143PA LDA_S D P rev AR, gedateer 14 Desember 2007;
- (b) die grondgebruik-voorwaardes beoog in Skedule 1 sal van toepassing wees op die grondontwikkelingsgebied totdat 'n skema vir die grondontwikkelingsgebied ooreenkomstig enige wet aangeneem is;
- (c) artikel 11, 11bis, 12, 16 - 28, 35 – 38 is nie van toepassing op die grondontwikkelingsgebied vir die doeleindes van die ontwikkeling daarvan nie in ooreenstemming met die voorwaardes van goedkeuring van aansoek 2007/1174;
- (d) die bepalings van die Die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1970. (Wet No. 70 van 1970) is nie van toepassing op die grondontwikkelingsgebied nie; en
- (e) die bepalings van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet No. 103 van 1977) en enige ander wet wat die oprigting van geboue binne die grondontwikkelingsgebied reël, is van toepassing op die grondontwikkelingsgebied.

S. SIMPSON, Aangewese Beampte

Datum: 26 Junie 2008

Lêerverwysing: 2007/1174

SKEDULE 1

WOODRIDGE FOREST ESTATE		
Eenhede	Vloeroppervlakte	Hoogte
13, tweeslaapkamer-eeenhede, vloeroppervlakte ingesluit dekke, plaveisel, garage en opritoppervlakte	187 m ²	2 verdiepings Alle wes-frontende eenhede sal onderhewig wees aan 'n 5 meter hoogtebeperking wat gemeet word van die middel van die afgewerkte grondvlak van elke eenheid tot by die toppunt van die dak van daardie eenheid.
5, drieslaapkamer-eeenhede, vloeroppervlakte ingesluit dekke, plaveisel, garage en opritoppervlakte	234m ²	2 verdiepings Alle wes-frontende eenhede sal onderhewig wees aan 'n 5 meter hoogtebeperking wat gemeet word van die middel van die afgewerkte grondvlak van elke eenheid tot by die toppunt van die dak van daardie eenheid. 2 verdiepings Alle wes-frontende eenhede sal onderhewig wees aan 'n 5 meter hoogtebeperking wat gemeet word van die middel van die afgewerkte grondvlak van elke eenheid tot by die toppunt van die dak van daardie eenheid.
2, vierslaapkamer-eeenhede, vloeroppervlakte ingesluit dekke, plaveisel, garage en opritoppervlakte	300m ²	2 verdiepings Alle wes-frontende eenhede sal onderhewig wees aan 'n 5 meter hoogtebeperking wat gemeet word van die middel van die afgewerkte grondvlak van elke eenheid tot by die toppunt van die dak van daardie eenheid.
Administratiewe kantoor	80 m ²	2 verdiepings

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR EN TRADISIONELE AANGELEENTHEDE**Advertensie No. 181****WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967: UITNODIGING OM KOMMENTAAR TE LEWER**

Aansoeke is deur die Departement van Plaaslike Regering en Tradisionele Aangeleenthede ontvang vir die opheffing en opskorting van beperkings met betrekking tot grond ooreenkomstig die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet No. 84 van 1967), soos uiteengesit in die Skedule.

Kommentaar wat per faks of pos ingedien kan word, moet aan die persone in die Skedule teen 29 Julie 2008 ingedien word.

Neem asseblief kennis dat die Departement mag weier om kommentaar wat na die sluitingsdatum ingedien is, te aanvaar.

M. L. POVALL, Bestuurder: Ontwikkelingsadministrasie

Datum: 26 Junie 2008

SKEDULE

Die syfers wat tussen hakies is, beteken die volgende:

- (1) = Straatadres, eiendomsbeskrywing, registrasie-afdeling, munisipaliteit
- (2) = Titellakte, voorwaarde, lêerverwysing
- (3) = Omvang van verandering of verwydering
- (4) = Kontakpersoon
- (5) = Kontakbesonderhede

- (1) Parrowweg, **Gedeelte 1 van Erf 992 Shelly Beach**, Registrasie ET, Hibiscus Coast Munisipaliteit
- (2) Naam van Skema Isles of Shelly, S.G. Nommer D 322/2002, Gedeeltelike Plannommer SS, F., 2008/ 69
- (3) Die wysiging van voorwaarde van titel wat boulyne daarstel.
- (4) Mnr. S. Premchund
- (5) Privaatsak X 54310 Durban 4000, Tel: (031) 204 1824, Faks: (031) 204 1980, sanjay.premchund@kznlqta.gov.za

- (1) Dr Yusuf Dadoostraat 273 en Maudsteeg 59, **Erwe 3305 en 3306 Durban**, Registration FU, eThekweni Munisipaliteit
- (2) T 14717/2008, 1.b).(2) en 2.2.b). 2008/466
- (3) Opheffing van h voorwaarde van titel wat h boulyn daarstel en wat verbied dat ander geboue behalwe buitegeboue, in die rigting van h steeg wys.
- (4) Mev. A. Murgatroyd
- (5) Privaatsak X 54310 Durban 4000, Tel: (031) 204 1919, Faks: (031) 204 1980, Audrey.murgatroyd@kznlqta.gov.za

- 1) Dorwynweg 10, Southbroom, **Erf 399 Southbroom**, Registrasie-Afdeling ET, Hibiscus Coast Munisipaliteit
- (2) T 05 30292, B. (c) en B. (d), 2008/506
- (3) Opheffing van voorwaarde van titel wat die huis tot h enkelwoonhuis-eiendom en wat die gebruik van sekere soorte boumateriale vir die oprigting van geboue beperk.
- (4) Me. A. Black
- (5) Privaatsak X54310 Durban 4000, Tel: (031) 204 1711, Faks: (031) 204 1980, annaemarie.black@kznlqta.gov.za

- (1) Lumsdensingel 3 en 7, **Portion 3 van Erf 619 Durban en Remainder van Portion 4 van Erf 619 Durban**, Registration FU, eThekwini Munisipaliteit
 - (2) T56293/2001 en T56294/2001, (b).1. en (b).2.; en C).1. en C).2., 2008/518 en 2008/519
 - (3) Opheffing van voorwaardes van titel wat die onderverdeling van die eiendom beperk, wat die gebruik van die eiendom tot 'n enkelwoning-eiendom beperk en wat die gebruik van die eiendom vir besigheidsdoeleindes beperk.
 - (4) Mev. A. Murgatroyd
 - (5) Privaatsak X 54310 Durban 4000, Tel: (031) 204 1919, Faks: (031) 204 1980, Audrey.murgatroyd@kznlqta.gov.za
-
- (1) 17-25 Linda Crescent, **Remainder van Erf 2426 Queensburgh**, Registration FT, eThekwini Munisipaliteit
 - (2) T 18486/2000, B.2. 2008/570
 - (3) Removal van 'n condition van titel that restricts die use van eiendom to one dwelling house.
 - (4) Mnr. G. Mathentamo
 - (5) Privaatsak X 54310 Durban 4000, Tel: (031) 204 1919, Faks: (031) 204 1980, godfrey.mathentamo@kznlqta.gov.za
-
- (1) Edwardstraat 473 , **Erf 473 Hibberdene** , Registrasie-Afdeling ET, Hibiscus Coast Munisipaliteit
 - (2) T 05 33973 , B.(c), 2008/606
 - (3) Opheffing van 'n voorwaarde van titel wat die gebruik van sekere soorte geboumateriale vir die oprigting van geboue beperk.
 - (4) Mnr. G. Mathentamo
 - (5) Privaatsak X 54310 Durban 4000, Tel: (031) 204 1740, Faks: (031) 204 1980, godfrey.mathentamo@kznlqta.gov.za

No. 149

3 July 2008

KWAZULU-NATAL GAMBLING BOARD**NOTICE OF APPLICATIONS RECEIVED FOR TYPE "A" SITE OPERATOR LICENCES –
BATCH 14: DURBAN**

1. In terms of Regulation 15 of the Regulations published under the KwaZulu-Natal Gambling Act, 1996 (Act No. 10 of 1996), notice is hereby given of the applications for Type "A" Site Operator Licences received from the applicants in the Durban Region mentioned below in terms of section 52 of the Act aforesaid. The following list contains the names of the applicant companies and their addresses:

ROUTE OPERATOR	SITE "A" OPERATOR APPLICANT	ADDRESS
Gold Circle KZN Slots (Pty) Ltd	1. Central High Trading 56 cc t/a Champs Action Bar	594 South Coast Road, Clairwood
	2. Divakar Trading cc t/a Club Lotus	7 Egret Crescent, Lotus Park, Isipingo
	3. Pro Five Contractors t/a Dakota Beach Pub & Restaurant	39 Ernest Clookie Road, Isipingo Beach
	4. T.S. Sports Tavern	164 Grove End Drive, Phoenix
Luck At It KZN (Pty) Ltd	1. Amanzimtoti Bowling Club	Corner Riverside and Picnic Lanes, Amanzimtoti
	2. Athenian Tavern	4 John Milne Street, City Centre
	3. Doonside Bowling Club	3 Rockview Road, Amanzimtoti
	4. Tamasa Trading 316 cc t/a Oslo's	394 Frere Road, Glenwood
	5. The Lounge Bar/Nite Club	220 Stamfordhill Road, Morningside
	6. Umkomaas Sports Bar & Cafe	Ashfield Centre, 99 Craigieburn Road, Umkomaas
Thuo Gaming KZN (Pty) Ltd	1. Allan Gary Wiggil t/a Bongo's Cocktail Bar	Shop 6, 131 Nirvana Road, Bluff
	2. Boardwalk Trading 1040 cc t/a Asoka Hotel	175 Dunkeld Road, Reservoir Hills
	3. B.S. Sales Service cc t/a Chandler's Tavern	27 Dunkirk Place, Umbilo

	<p>4. Hillary Bowling Club</p> <p>5. Homefront Trading 375 cc t/a Nautical Mile</p> <p>6. Mark Anthony Reeves t/a Buccaneers Tavern & Restaurant</p> <p>7. Niresh Harilall t/a Rio's Tavern</p> <p>8. Rapid Food cc t/a L'Espresso</p> <p>9. Vill Inns Pub cc t/a Vill Inns Pub</p> <p>10. Vishnu Shaun Govender t/a Q'Z Pool Bar</p>	<p>48 Stella Road, Hillary</p> <p>Shop 5, 111 Kingsway Road, Warner Beach</p> <p>Shop 5, Ploughman's Manor, 127 Kingsway Road, Warner Beach</p> <p>Shop 6, 20 Oak Avenue, Kharwastan</p> <p>47 Marriot Road, Berea</p> <p>Shop 33, Glenwood Village, 397 Moore Road, Glenwood</p> <p>19B Marshall Drive, Mount Edgecombe</p>
Vukani Gaming KZN (Pty) Ltd	<p>1. Club 11 on the Point cc t/a Groove Nite Club</p> <p>2. Jonathan Henry Dennyssen t/a The Sainted Three Bar</p> <p>3. Palmview Tavern & Action Bar cc t/a Palmview Tavern & Action Bar</p> <p>4. Parnesan Achary t/a Greencat Restaurant & Nite Club</p> <p>5. Pathmanathan Kolandaivelu Pillay t/a Newlands Restaurant</p> <p>6. Patrick Moodley t/a Pool City</p> <p>7. Richard William Henry Dillner t/a Groove Nite Club</p> <p>8. Right Price Property Development cc t/a Sabastians Restaurant</p> <p>9. Pathmanan Kolandaivelu Pillay t/a Briardale Tavern</p>	<p>11 Albert Terrace, Point Waterfront</p> <p>01 Strelitzia Avenue, Warner Beach</p> <p>345 Palmview Road, Phoenix</p> <p>45 Wick Street, Verulam</p> <p>784 Inanda Road, Newlands</p> <p>Unit 15C, 166 Bluff Road, Bluff</p> <p>Shop 1, Marbeg building, 166 Victoria Embankment, City Centre</p> <p>21 Harvey Street, Umkomaas</p> <p>63-65 Skipdale Road, Newlands West</p>

	10. V Bar(Pty)Ltd t/a V-Café	Shop 1, 28 Winston Churchill Drive, Pinetown
--	------------------------------	--

2. Public Inspection of application

